# 29 *Donderdag*

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 29:31 – 30:13**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 29:9-13**

## Silpa, die slavin

Ons ontmoet hier twee jaloerse sussies: Ragel en Lea. Ragel is jaloers op Lea omdat sy nie kinders kan hê nie; Lea was weer jaloers op Ragel omdat Jakob Ragel liefgehad het en nie vir haar nie.

In die hele stryd om Jakob se liefde vir haar te wen, het Lea telkens gehoop dat kinders haar man vir haar sal lief maak. Na vier seuns deur Lea bly Jakob se hart egter aan Ragel verpand. Toe Ragel boonop haar slavin Bilha aan Jakob gee om vir haar kinders te verwek, laat Lea nie op haar wag nie. Sy volg dieselfde suksesresep en gee haar slavin Silpa ook as vrou vir Jakob. Blykbaar is vier seuns nie genoeg om Jakob se guns te wen nie. Daarom wil sy dit deur nog meer kinders doen. Silpa gee vir Lea nog twee seuns – Gad en Aser. Beide seunsname het die betekenis om gelukkig te wees. Hierdie kinders sal haar gelukkig maak in Jakob se liefde vir haar.

Helaas, dit gebeur nie. Ook hierdie seuns sou haar stukkende huwelikslewe nie reg ruk nie. Laat ons dit maar besef, om nog ’n kind te hê, ruk nie stukkende huwelike reg nie.

In hierdie hele huweliksonmin tussen Lea en Ragel wonder ’n mens wat word van Lea se slavin, Silpa? Sy is in die geveg maar net ’n gebruiksartikel, ’n blote slaaf, ’n besitting wat gehiet en gebied kan word. Tog gee die Here ook ag op slawe soos Silpa. Hoewel ons niks verder van Silpa lees in die Bybel nie, lees ons van haar kinders. Hy sorg ook dat Gad en Aser in die verbond opgeneem word. Ons lees ook van die stamme Gad en Aser in Openbaring 7:5, 6 as verseëldes uit die volk Israel. Ook die slavin Silpa se kinders word kinders van God.

Dit voel dikwels vir ’n mens asof jy in ’n tuimeldroër is waar jy na willekeur deur die grille en giere van mense rondgeskud word. Jy moet slaafs dinge doen, jy is blootgestel aan ’n slaafse ritme wat oor jou spoel. Jou identiteit en integriteit lei skade. Jy weet nie of God ooit eers notisie van jou neem nie. Tog sien die Here jou nood ook raak. Hy maak sy Seun ’n slaaf om jou te kom verlos van die slaafse lewe waar jy net ’n gebruiksartikel was. Toe jy oorgegee was aan die grille en liste van jou baas, Satan.

Sy bloed betaal vir slaafse bande wat ons na willekeur rondgetuimel het. Hy maak ons nuut. Skryf die naam “kind” oor jou lewe. Hy maak jou heerlik om nou gewillig as sy kind te lewe.

By God kom Gad en Aser tuis. By God kry slavinne en hulle kinders hulle geluk en vryheid terug!

*Sing: Psalm 128:3 (1936)*

*Ds. TJ (Theunis) Potgieter (Port Elizabeth)*